Taaltoets - Graad 6 EAT

Deur: Amanda Calitz, Curro Meridian, Cosmo City

Lees die volgende en beantwoord dan die vrae.

HET JY GEWEET?

- Bye het nie ore nie.
- Miere kan tot 10 keer hulle eie gewig dra.
- Krokodille kan nie hulle tong uitsteek nie.
- Skoenlappers proe met hul voete.
- Olifante is die enigste diere wat nie kan spring nie!
- 'n Mens kan 'n koei met trappe laat oploop, maar nie af nie!
- 'n Volstruis se oë is groter as sy brein.



1. Skryf die volgende sinne in die **ontkennende vorm**.
   a) Eet hy groente?
   Nee, hy eet _____ groente _____ (1)
   b) Het sy baie klere?
   _____, sy het _____ baie klere _____. (2)
   c) Bye het ore.
   _____ (1)
   d) Miere kan tot 10 keer hulle eie gewig dra.
   _____ (1)
   e) 'n Koei kan by trappe afloop.
   _____ (1)
   [6]

2. Gee die **antonieme** (die teenoorgestelde) van die volgende woorde:
   a) vet _____ (1)
   b) klein _____ (1)
   c) baie _____ (1)
   d) lank _____ (1)
   e) op _____ (1)
   [5]

3. Gee die **meervoud** van die woorde tussen hakies.
   In al die **(stad)** _____ in ons land is daar baie **(kar)** _____
   en baie **(taxi)** _____. Daar is ook baie **(bok)** _____,
   baie **(donkie)**_____ en baie **(hond)** _____ (6 x 1)
   [6]

Graad 4–6

4. Gee die verkleining van die volgende woorde:

a)	plant _____	(1)	d)	kar _____	(1)
b)	bok _____	(1)	e)	hoed _____	(1)
c)	hart _____	(1)	f)	haas _____	(1)

[6]

5. Gee die betekenis van die volgende idiome:

a) Elke hond kry sy dag.

_____
_____ (2)

b) Moenie slapende honde wakker maak nie.

_____
_____ (2)

c) Geld soos bossies hê.

_____
_____ (2)

d) Die bal misslaan.

_____
_____ (2)

e) Die bal aan die rol sit.

_____
_____ (2)

f) Kop aan kop wees.

_____
_____ (2)

g) Haar kop is deur.

_____
_____ (2)

[14]

6. Gebruik die vraende voornaamwoorde om die sinne as vraagsinne oor te skryf.

Voorbeeld: Jerry speel **'n sokkerwedstryd**. Wat ...?
Antwoord: Wat speel Jerry?

a) Jerry speel **vanmiddag** 'n sokkerwedstryd. ***Wanneer ...?***

_____
_____ (2)

b) Jerry speel 'n sokkerwedstryd **by die skool.** ***Waar ...?***

_____
_____ (2)

c) Jerry speel **goed** in die sokkerwedstryd. ***Hoe ...?***

_____
_____ (2)

d) Sarah eet vanmiddag **'n toebroodjie**. ***Wat ...?***

_____
_____ (2)

[8]

TOTAAL: 45

MEMORANDUM

1. a) Nee, hy eet nie groente nie.
   b) Nee, sy het nie baie klere nie.
   c) Bye het nie ore nie.
   d) Miere kan nie tot 10 keer hulle eie gewig dra nie.
   e) 'n Koei kan nie by trappe afloop nie. [5]

2. a) maer
   b) groot
   c) min
   d) kort
   e) af [5]

3. stede
   karre
   taxi's
   bokke
   donkies
   honde [6]

4. a) plantjie
   b) bokkie
   c) hartjie
   d) karretjie
   e) hoedjie
   f) hasie [6]

5. a) Almal kry 'n kans om bo te wees. Almal kry 'n beurt om eerste te wees.
   b) Moenie iets begin wat kon gebly het nie.
   c) Baie geld hê.
   d) 'n Fout maak.
   e) Iets begin.
   f) Gelyk wees.
   g) Sy het dit gemaak. [14]

6. a) Wanneer speel Jerry 'n sokkerwedstryd?
   b) Waar speel Jerry 'n sokkerwedstryd?
   c) Hoe speel Jerry in die sokkerwedstryd?
   d) Wat eet Sarah vanmiddag? [8]